DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG

DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

19 Julie 2020

Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

## Lees: Openbaring 9: 13 – 21.

Fokusteks: Die rede waarom die verskriklike dinge gebeur word in verse 20 en 21 gegee.

Geliefde broers en susters die verskil tussen die 5de en 6 de trompet is lewensbelangrik. Die 5de trompet het gepynig en die 6de maak dood. Die onbekeerlikheid van die mensdom gryp jou aan die hart. Abel se bloed roep van die aarde om God se geregtigheid. Daarom is dit wat ons hier hoor die verhoring van die gelowiges se gebede in hoofstuk 8: 3 – 5. Die reukofferaltaar simboliseer God se mag en krag.

Die 6 de trompet is die 2de wee-uitspraak. (Onthou die arend het 3x weer geroep). Die stem om die magte los te maak kom van die troon. Alles gebeur dus op bevel – op God se bevel. Dit is ons troos in 2020. Niks gebeur sonder rede nie. God ken die pad van die mensdom, Hy ken die rede. Dit is God se tyd en ons leef binne die raamwerk van God se raadsplan. Dit gryp ‘n mens aan die hart om te weet watter oordele wag op die mensdom. Hoe gaan ons dit geestelik oorleef? Die getal 4 dui op die skepping, die mensheid en die wêreld en alles gaan getref word.

Wanner ons na die aangerypende visioen luister, hoor ons in beeldryke taal weereens van ruiters en perde. Die miljoene der miljoene laat ‘n mens verskrik staan voor die magte wat losgegelaat gaan word. En om daarby te dink dat ‘n derde van die mensdom gaan sterf, laat ‘n mens sidder by die gedagte aan so ‘n omvangryke wêreldoorlog. Sou dit vandag gebeur praat ons van 2 biljoen mense plus wat hulle lewe gaan verloor. Dit is bykans onmoontlik om soveel mense te begrawe. In die moderne oorloë word almal getref – man, vrou, kinders, diere en die natuur. Onthou die hongersnood en die pessiektes wat saam met die ruiters uitgaan oor die wêreld.

In die gedeelte is daar ‘n paar beelde wat ons reg moet verstaan. Die Eufraatrivier was die Oosgrens van die Romeinse Ryk. Anderkant die rivier was die gevreesde perderuiters van die Partiërs. Hulle ruiters en boogskutters het die Romeine in verskeie veldslae, rondom 60 VC, oorwin. Die Eufraatrivier het uit die paradys gevloei. Dit het mettertyd die simbool geword van die magte wat teen God opstaan – Babilonië en Assirië.

Daarom moet ons die ruiters reg verstaan. Die beeld is ontleen aan Johannes se tyd toe dit perde en ruiters in die oorlog was, dit was die metode van oorlogvoering in die 1ste eeu na Christus. Vandag het ons vreesaanjaende wapens – atoombomme ens wat oor ‘n afstand verwoesting saai. Daarom het die perde koppe soos leeus. Hulle werk is om te vernietig. Die kleure korrespondeer met die vuur, rook en swael wat uit hulle bekke uitgaan. Die simboliek is duidelik. Dit moet so vreesaanjaend en oorweldigend as moontlik wees.

God se oordeel is verskriklik. Hoe vreeslik is dit om in die hande van die lewende God te val. Daarom moet ons die beste van die genadetyd maak wat ons nou ontvang. Die oomblik as jy dink die bekke is vreesaanjaend kom die sterte wat soos slange is. Die skerppunt van die oordeel is in verse 20 – 21. Die gee die rede waarom alles gebeur – die mensdom hou aan om die afgode wat hulle maak, te aanbid. Destyds was dit fisiese afgode. Die oordele roep tot inkeer en bekering. Die mens wat afgodery bedryf is tot enigiets in staat. Daarom die lys ondeugde in vers 21. Dit stem ooreen met die 10 gebooie uit die OT wat in Openbaring gereeld aan die orde kom. Ons lees in Handelinge dat die mense van Efese toe hulle tot bekering gekom het, hulle towerboeke en spreuke, wat derduisende goudstukke werd was, verbrand het as teken van berou en bekering.

Die Here is lankmoedig, geliefde Broers en susters. Daarom is ons geroep om juis in die pandemie te verkondig – die Here gee nog ‘n geleentheid tot berou en bekering. Gryp dit aan. Die wêreld waarin ons woon is so vasgevang in sy eie sisteme van sosialisme, kommunisme en kapitalisme, dat dit die mensdom se gode is. Mammon is die dryfkrag vir die mensdom om te werk, nie om God deur jou werk te eer nie. Jy het ‘n sekere standaard van lewe en jy moet dit ten alle koste handhaaf – al breek dit jou gesondheid, jou huwelik of jou verhoudings met mense. Die Farao van Egipte het plaag na plaag deurgegaan, maar steeds harder van hart geword, selfs nadat die oudstes gesterf het. Openbaring 22 : 11 sê dat die wat vuil is vuiler sal word. Die mensdom het egoiisties geword. Dit gaan oor ek en ek alleen. My behoeftes lei na selfvernietiging. Met Christus kom lewe. Lukas 21: 28 stel dit duidelik: “En as hierdie dinge begin gebeur, staan dan regop en lig jul kop op, want dan is julle verlossing naby”. Bly getuig al kos dit wat, die ware stryd is tussen geloof en ongeloof, so hoor ons in hoofstuk 10. Ouers rus julle kinders toe vir die toekoms as gelowiges.
Amen.

# OOG VIR MEKAAR




* Ons bid vir almal wat direk of indirek deur die Covid-pandemie geraak word. Van ons lidmate is met die virus gediagnoseer. Ons wens julle spoedige herstel toe.
* Daar is lidmate wie se inkomste geraak is en ook ‘n kans staan om hulle werk te verloor. Mag die Here vir julle uitkoms gee. Onthou die diakonie is daar om hulp te verleen, terwyl die pandemie aan die gang is.
* Ons bid vir Tavia Mooi wie se been op 2 plekke gebreek het. Ons bede is dat die pyn spoedig minder sal wees en jou gou weer op die been sal wees. Sterkte Egbert.
* Marius Schutte is aan die beter word. Hy sal vir ‘n tyd nie op die been wees met beide enkels wat gebreek het nie. Ons bid vir jou en Veronica.
* Sterkte vir Joey Smit wat met bronchitis gediagnoseer is. Hoop jy is gou gesond.
* Sterkte aan al ons seniors in die koue.
* Ons bid vir die matrikulante wat besig is om hulle skoolloopbaan af te rond. Sterkte met die eksamen op hande.
* Vir al ons kinders wat skoolgaan en die tuisblyers, baie seën vir julle. Ouers ons bid vir julle in die moeilike tyd. Die Here sal uitkoms gee.
* Bly veilig en handhaaf die sosiale afstand solank as wat die pandemie met ons is.

## FINANSKOMMISSIE

Die finanskommissie versoek lidmate wat kontant bydraes maak t.o.v. hulle offergawes om asb nie hulle bydraes te stop nie, maar om Daleen Coetzee te skakel op 079 490 2678 om reëlings te tref vir sodanige betalings.

## KERKKANTOOR

Neem asseblief kennis dat die kerkkantoor weer oop is op Maandae; Woensdae en Vrydae van 08:00 tot 12:00 uur.

## BYBELSTUDIE

As gevolg van die huidege omstandighede rakende byeenkomste sal Bybelstudie eers weer na die inperking hervat word.

## MEDIAKOMMISSIE

Die mediakommissie wil die gemeente inlig dat die preke van Ds. Sarel nou ook op YouTube beskikbaar is. Gemeentelede moet vanaf hulle slimfoon, tablet of rekenaar slegs op YouTube gaan en inteken op "***GKSA Pietersburg***" om die preke te volg. Hou net ingedagte dat dit data of WiFi benodig.

# PLASINGS IN DIE BASUIN

Indien u enige inligting in die Basuin wil plaas kan u met Nantes Kotze kontak maak by die kerkkantoor of die inligting per e-pos na die kerk se e-posadres stuur.

**Maak asseblief seker dat u enige inligting nie later as Donderdag 19:00 deurstuur nie.**



# KALENDER



| **Verjaarsdae** | | | |
|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | **Belydend / Doop** | **Sel/Tel no.** |
| **** 70 en ouer, ** 80 en ouer, *** 90 en ouer, **** 100 en ouer*** | | | |
| So 19 Julie | Elsie De Beer<br>Martin O'Reilly<br>MJ Venter | B<br>B<br>B | 082 809 9831<br>082 554 2288<br>082 444 0336 |
| Di 21 Julie | Cora Venter | B | 076 420 3629 |
| Wo 22 Julie | Zach Pretoruis<br>Niki Pretoruis | D<br>D | 083 686 4256<br>082 748 5841 |
| So 25 Julie | ***Ans Van Der Walt ******<br>Sonja Fourie<br>Anna Nel<br>Tialeen Venter | B<br>B<br>B<br>B | 078 643 9498<br>072 595 9969<br>083 696 9089<br>084 800 0552 |

**Preke en Die Basuin :**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Nantes Kotze |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede** | |
| **Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

Die ander mense; wat nie deur hierdie plae doodgemaak is nie; het hulle egter nie bekeer nie. Hulle het aangehou met die aanbidding van duiwels en van afgode wat hulle self gemaak het van goud; silwer; koper; klip en hout; en wat nie kan sien of hoor of loop nie. Hulle het hulle ook nie daarvan bekeer om moord; towery; onsedelikheid en diefstal te pleeg nie.

Openbaring 9 : 20—21

